

Die sewe geeste – Francois Malan

'n Leser vra:

Verduidelik vir my asb die sewe geeste.

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord

In Openbaring 1:4; 3:1; 4:5; 5:6 word verwys na die sewe Geeste as die benaming van die Heilige Gees in sy veelvuldige en omvattende werking.

In 1:4 is hulle voor die troon van die Here, sy werktuie om sy opdragte uit te voer; in 3:1 is dit Jesus wat die sewe Geeste van God het om sy werke uit te voer; in 4:5 is hulle 7 vuurfakkels wat brand; in 5:6 is hulle die Lam se sewe horings (wat sy mag aandui) en sewe oë (sy alwetenskap) wat oor die hele aarde heen gestuur is.

Die dinamiese beelde van die sewe Geeste beklemtoon die aktiewe teenwoordigheid en krag van die Heilige Gees in die wêreld. In Jesaja 11:2 word van die Gees van die Here gesê dat Hy die Gees is wat wysheid en insig gee, wat raad en sterkte gee, wat kennis verleen en eerbied vir die Here.

Die getal sewe is in Openbaring 'n aanduiding van volledigheid of volkomenheid wat toegepas word op die 7 gemeentes, lampe, sterre, Geeste, seëls, trompete, bakke, plaë, horings, engele, donderslae, koppe van die dier, krone, oë, berge en konings.

In Sagaria 4:2 is reeds gepraat van die kandelaar bo-op 'n oliebak met sewe tuite en sewe lamppitte in elkeen, wat in Sagaria 4:10 uitgebrei word met die sewe oë op die klip voor Jesua as die sewe oë van die Here wat oor die hele wêreld kyk. Dit word verduidelik met die woord van die Here aan Serubbabel wat die tempel moet herbou na die ballingskap: Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die

Almagtige (Sag 4:6).

In Johannes 14:16-17 sê Jesus: 'Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander helper/trooster/voorspraak gee sodat Hy ewig by julle kan wees, Hy is die Gees van die waarheid...Julle ken Hom omdat hy by julle bly en in julle sal wees.' In Joh 15:26 'wanneer die Gees van waarheid van die Vader af kom, sal Hy oor My getuig.' Joh 16:8: Hy sal die wêreld oortuig van sonde (omdat hulle nie in My glo nie), en van geregtigheid (dat Jesus deur sy offer aan die kruis dié wat in Hom glo se verhouding met God reggemaak het), en van oordeel (oor dié wat nie in Jesus glo nie).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)